



INLIGTINGSTUK

'n Gids vir grondeienaars oor

INHEEMSE VISSE van die Kaapse Blommeryk:

DIVERSITEIT, BEDREIGINGS EN BESTUURSPRAKTYKE



CapeNature

Die Kaapse Blommeryk, wat primêr binne die Wes-Kaap voorkom, is een van die ses plantkoningkryke op aarde. Hierdie area huisves nie slegs 'n ongelooflike versameling van inheemse fynbos plante nie, maar ook 'n hele aantal unieke inheemse varswater vis spesies.

Die meerderheid van die varswater visspesies van die Kaapse Blommeryk word gelys as Bedreig of Krities Bedreig en dus bestaan daar 'n baie realistiese kans dat hulle mag uitsterf!



Kaapse kurper



Kaapse galaxias



Vurige rooivlerkie



Clanwilliam-klipbaber

INHEEMSE VISSE is 'n kritiese komponent van 'n gesonde akwatiese ekosisteem aangesien hulle 'n belangrike deel van akwatiese voedselkettings vorm en verskeie belangrike ekologiese funksies vervul. Hierdie visse het voldoende habitat en skoon water, vry van sediment en landbouchemikalieë, nodig om te oorleef. Die aanwesigheid van inheemse visse is een van die tekens van 'n gesonde rivier ekosisteem, wat beteken dat inheemse visse goeie bio-indikatore vir gesonde riviere is. Elk van die vier hoof riviersisteme van die Wes-Kaap, naamlik die Berg-, Breede-, Olifants- en Gouritzrivier sisteem het unieke vis spesies wat slegs in ekologies gesonde dele van hierdie riviere voorkom. 'n Goeie voorbeeld is Burchell se rooivlerkie in die Breede en aangrensende riviersisteme. Resultate van genetiese navorsing bewys dat daar moontlik drie unieke rooivlerkie spesies in die Breederivier sisteem aanwesig is. Die Olifantsrivier sisteem word egter algemeen erken as die belangrikste area vir inheemse vis diversiteit aangesien hierdie area die hoogste aantal unieke inheemse spesies het. Nuwe navorsing word voortdurend gedoen en resultate dui daarop dat daar ook merkwaardige genetiese diversiteit bestaan tussen populasies van ander inheemse spesies soos die Kaapse kurper en die Kaapse galaxias.

Die kleiner inheemse spesies word hier gewys, maar die riviere van die Wes-Kaap het ook 'n hele aantal groter spesies waarvan party van belang is vir hengel. Hengel spesies wat in die Olifantsrivier sisteem voorkom sluit in die Clanwilliam geelvis en die Clanwilliam saagvin. In die Berg- en Breede sisteme is die witvis die grootste inheemse spesie terwyl die moggel, wat nie juis vir hengel geteiken word nie, in die Gouritz sisteem voorkom. In die Gouritz sisteem is die Oranje-Vaalrivier geelvis aanwesig as 'n uitheemse indringerspesie. Bo en behalwe hierdie groter inheemse spesies kom daar ook spesies voor wat van riviermondings vir hul oorlewing afhanklik is en voorbeelde hiervan is die varswater springer en die rondeharing.

BEWARINGSTATUS

Wat beteken dit?

Die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur (IUBN) bepaal die bewaring status van potensieel bedreigde spesies. **Volgens 'n 2009 opname van die varswater visse van Suider Afrika is die meerderheid van die spesies van die Kaapse Blommeryk gelys as Bedreig of Krities Bedreig en dus bestaan daar 'n baie realistiese kans dat hulle mag uitsterf.** Hierdie bewaringstatus is meestal weens 'n beperkte natuurlike verspreidings area vir meeste spesies en die ernstige aard van die bedreigings wat hulle in die gesig staar. 'n Voorbeeld is die Barrydale rooivlerkie wat slegs in die Tradouwrivier naby Swellendam voorkom. Meeste ander inheemse spesies is nog nie gelys as Krities Bedreig nie maar **die verspreidings areas van bykans al hierdie spesies het drasties gekrimp** weens 'n hele aantal bedreigings. Die Berg-Breederivier witvis byvoorbeeld, was eens 'n wydverspreide spesie in beide die Berg- en die Breederivier maar het uitgesterf in die Bergrivier. Die witvis oorleef nou meestal in groot publieke damme in die Breederivier opvanggebied soos Kwaggaskloof en Brandvlei en natuurlike populasies is uiters skaars. Die Clanwilliam sandvis wat ook eens volop in die Olifantsrivier sisteem was, is vandag raar in hierdie area.

Die oewer plantegroei en die belang daarvan

Die oewer plantegroei verwys na die plante wat op die rivierbank en langs die kante van die rivierkanaal voorkom.

Palmiet is 'n goeie voorbeeld van 'n plant wat in die rivierkanaal voorkom maar ook deel van die oewer plantegroei vorm. Hierdie tipes plante speel 'n belangrike rol in die voorsiening van habitat vir waterdiere soos visse en akwatiese insekte. Oewer plantegroei is ook 'n kritiese deel van die rivierbank en verleen stabiliteit aan die banke tydens vloede. Oewer plante is aangepas by die klam toestande van die rivierkanaal en kan dus negatief beïnvloed word indien te veel water uit die rivier onttrek word. Oewer plante is ook sensitief vir die impakte van uitheemse plante soos populiere en wattle (akasia). Met tyd kan uitheemse plante al die inheemse oewerplante verdring, soos gesien kan word in die Riviersonderend opvangsgebied waar daar baie min inheemse oewerplante oor is.

Rivierbanke wat met uitheemse plante oorgroei is





BEDREIGINGS VIR INHEEMSE VISSPESIES

Inheemse visse en hul gepaardgaande ekosisteme word op verskeie maniere bedreig en bedreigings kan in twee breë kategorieë verdeel word:

A. Fisiese bedreigings wat insluit:

- **Landbou en residensiële ontwikkeling** in sensitiewe areas soos vloedpleine en oewersones van riviere.
- **Grondverskuwing (bulldozing)** in rivierbeddings veroorsaak die verlies van habitat vir visse en akwatiese insekte.
- **Oor-onttrekking van water**, meestal vir besproeiings doeleindes, kan veroorsaak dat riviere droogloop gedurende somer maande en dit kan die algehele verwoesting van akwatiese ekosisteme tot gevolg kan hê.
- **Dam konstruksie** vir die versekering van water sekuriteit kan die migrasieroetes van verskeie spesies afsny. Verder kan die verandering van natuurlike vloeioptrone die broeipatrone van sommige spesies versteur.
- **Waterbesoedeling** weens onklaar rioolwerke en die oormatige gebruik van landbou chemikalieë (spuitstowwe en bemestingstowwe). Organiese verryking, meestal 'n gevolg van rioolbesoedeling en die gebruik van bemestingstowwe, veroorsaak gereeld oormatige algegroei wat uiters skadelik is vir visse en ander waterlewendende organismes.

B. Biologiese bedreigings wat insluit:

- **Uitheimse plant verspreiding** binne oewerplantegroei sones: Uitheimse plante verdring inheemse plante en destabiliseer rivierbanke wat vloedskade vererger in tye van swaar reënval.
- Die teenwoordigheid van **uitheimse vis spesies** soos reënboogforel, swartbaars, karp en skerptand baber. Hierdie uitheimse spesies bedreig inheemse spesies deur predasie en kompetisie vir voedsel en habitat. Uitheimse spesies is verantwoordelik vir die uitwissing van inheemse spesies uit groot dele van al die Wes-Kaap riviersisteme. Hierdie spesies is nou dominant in al hierdie sisteme en die inheemse spesies is meestal beperk tot kleiner sytakriviere. Natuurbewarings-kenners stem saam dat uitheimse spesies die grootste bedreiging inhou vir die oorlewing van die inheemse visspesies van die Wes-Kaap.

Hierdie uitheimse vis bedreig ons inheemse visspesies:
L-R: Skerptand baber, Reënboogforel, Karp en Swartbaars



Wat kan grondeienaars doen?

Verseker goeie grondgebruik praktyke deur:

- Nie landbou aktiwiteite uit te brei na ekologies sensitiewe areas soos vloedpleine en rivieroewers nie. Geen landbou aktiwiteite of residensiële ontwikkeling behoort plaas te vind binne die 1/100 jaar vloedlyn nie. Dit sal grootliks voorkom dat grondeienaars vloedskade kry en ook die gepaardgaande grondverskuiwings aktiwiteite verminder wat sal voorkom dat alreeds bedreigde vis spesies nog verder deur 'n verlies aan habitat bedreig word.
- Nie diere soos beeste toe te laat om sensitiewe oewerplantegroei en rivierbanke te vertrap nie.
- Uitheimse plantegroei te verwyder en te beheer, veral binne oewer plantegroeisones.

Verseker gesonde akwatiese ekosisteme deur:

- Nie oormatig water te onttrek uit riviere gedurende somermaande as daar reeds lae vloei in die rivier is nie en te verseker dat alle watergebruik geregistreer is by die Department van Waterwese.
- Nie grondverskuiwings te doen binne die rivierkanaal nie aangesien dit die hele akwatiese ekosisteme kan vernietig.
- Nooit lewende visse te verskuif of aan te hou sonder 'n geldige permit van CapeNature nie.
- Rehabilitasie te doen van beskadigde areas deur oewerplantegroei te hervestig en te probeer verhoed dat verdere negatiewe impakte plaasvind.

FOTO: Ernst Swart



Barrydale rooivlerkie

BESTUURSPLANNE VIR DIE BARRYDALE ROOIVLERKIE EN DIE CLANWILLIAM SANDVIS

Die bewaring van inheemse visse is 'n uitdaging weens die wye verskeidenheid van bedreigings en die groot aantal belanghebbendes wat 'n rol moet speel om te verseker dat 'n spesie en sy habitat bewaar word. Hier speel die Nasionale Omgewingsbestuur en Biodiversiteitswet (Wet 10 van 2004) 'n baie belangrike rol om twee vername redes. Eerstens speel dit 'n rol in die beheer van uitheimse spesies deur hul verspreiding deur middel van 'n soneringsprojek te beheer en sodoende te voorkom dat hierdie spesies in ekologies sensitiewe areas geplaas word. Tweedens maak hierdie wetgewing voorsiening vir 'n geïntegreerde benadering tot bewaring van bedreigde spesies deurdat alle belanghebbendes, van bewaring-sowerhede tot munisipaliteite en privaat grondeienaars, die kans kry om betrokke te raak in die ontwikkeling en implementering van bewaringsplanne. Huidiglik word daar bewaringsplanne ontwikkel vir die Krities Bedreigde Barrydale rooivlerkie wat in die Tradouwrvier voorkom, asook vir die Bedreigde Clanwilliam sandvis wat inheems is tot die Olifantsrivier sisteem.

